**Saterdag 17 September**

**Skrifgedeelte: Romeine 10:1-13 (1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Romeine 10:9-10**

## Kinderlike geloof: ’n Mond- en hartsaak!

Die mooiste van mooi Godswoorde in Romeine 10:9, 10! Woord en woorde in hart en mond, die blye boodskap in die kamers van jou gemoed te dra. Naby jou, in jou … Die belofte van hoop en vryspraak en die woordsaad wat ontkiem en redding wat ’n onbetwisbare werklikheid in ’n menselewe word.

Die Paulusmens wat die unieke eenheid van redding en vryspraak met glo en bely ineenvleg. Sinvolle eenheid. Mensekind wat glo en daarom bely, wat bely en daarom die waarheid van die geloof hardop sê, openlik onder woorde bring, stilsag neurie. Die hart loop oor en die woorde van my mond verstom nie. Inteendeel, nederig maar opgewonde van die groot dade van God te vertel. Geloof en die belydenis van die geloof. Hartsaak en taalsaak. Hoorbaar: Jesus is die Here! Verlosser en Koning. Verlossing vir elkeen wat glo, redding vir elkeen wat sê:

*“Enigste Here, enkele Wese,*
*Ek glo in U met my hele hart.*
*Heerlik bely ek, vryuit getuig ek:*
*U is vir ewig God en Heer ...”*

Die gedagtes van die hart waar die geloof gesetel is en die taal van elke mensekind wat onbevange, vryuit vertel wat God in Christus gedoen het aan hart, gemoed en gees. Naby my is die woord … so naby as my lippe en my hart. Juigend, jubelend. Lewend-dankbaar. Ek is verlos en nie verlore. Die saad van die geloof is lewend in my hart en op my lippe. Mense kan dit sien en hoor en my Vader wat in die hemel is, verheerlik.

Totdat U kom, sal ek bly praat van u verlossing; ek sal u eer besing, met harp en lier U loof (Ps. 71:11)!

*Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2*

*Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)*